

# 22

## DIE LEWE IS 'N GESKENK

*Ons moet lewe net so belangrik ag  
soos die Skepper daarvan*

### ALGEMENE DOELSTELLINGS

Die kinders moet in staat wees om etiese kwessies soos genadedood, aborsie en kloning te evalueer in die lig van God se bedoeling met lewe.

### SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

#### Kennis

Die kinders moet weet wat genadedood, aborsie en kloning behels.

#### Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om die Bybelse argumente met betrekking tot genadedood, aborsie en kloning te aanvaar.

#### Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om hulle te verweer teen ongeldige argumente ten gunste van genadedood, aborsie en kloning.

#### Meer inligting (Genesis 1: 25-31; Genesis 2: 4-25)

Het julle al gehoor dat mense sê iemand het *groen vingers*?

Dit is wanneer iemand 'n vermoë of 'n liefde het om 'n saadjie of 'n plantjie te laat groei of te laat oorleef. In iemand met groen vingers se tuin groei alles welig, en die groenigheid floreer.

Genesis vertel ons van die Groen Vingers waar alle lewe vandaan kom. God is die Skepper van alles en ook van lewe. Hy het die aarde en alles daarop geskep



sodat daar groei en lewe kan wees. Die hele skepping is Meesterlik ontwerp sodat die beste omstandighede vir lewe kan bestaan. Die skeppingsverhaal leer ons ook dat die mens aangestel is om lewe te bewaar en met verantwoordelikheid na lewe te kyk.

Gelowiges kyk na lewe op dieselfde manier as die Skepper daarvan. Ons ag lewe belangrik en ons respekteer dit. Dit is ook nooit ons besluit om lewe te neem nie, en daarvoor is die Bybel ook baie duidelik. God leer ons om met sy oë te kyk na lewe en dit te waardeer as 'n gawe van onskatbare waarde wat uit sy hand kom.

Om gehoor te gee aan die skeppingsopdrag om lewe te bewaar en op te pas, is nie altyd 'n maklike taak nie. Omstandighede en gebeure vra dikwels dat ons moeilike besluite moet maak oor lewe. Wanneer ons sulke besluite moet neem, vra ons altyd eerste wat die Woord van God daarvoor sê, omdat dit ons gedagtes en optrede bepaal.

Sommige besluite is baie eenvoudig, omdat ons 'n duidelike riglyn daarvoor het. Maar daar is kwessies wat soms ingewikkeld is en wat van ons vra om verantwoordelik te soek na die beste antwoord. Ons noem sulke kwessies etiese vraagstukke.

Wanneer Christene oor etiese vraagstukke besluite neem, is die antwoorde nie altyd presies dieselfde nie. Kom ons neem die voorbeeld van kloning. Kloning is in kort 'n mediese ontdekking waarmee lewende selle gegroei kan word om identies te wees aan die selle waarvan dit gekweek is.

As ek vra of kloning reg of verkeerd is, en ek wil kloning gebruik om 'n mens te skep wat identies aan 'n ander mens is om maar net nog mense te maak na willekeur, sou kloning in dié geval verkeerd wees omdat ons glo net God skep mense soos Hy wil, en elkeen is uniek soos Hy bepaal.

Maar as iemand se hartspier sodanig seergekry het dat daardie persoon se lewe in gevaar is, en die tegnologie van kloning kan gebruik word om vir die hartlyer gesonde hartspierweefsel te kweek, wat sal ons antwoord dan daarvoor wees? Ons leer die beginsel in die Bybel van *behou lewe ten alle koste*. In hierdie geval kan die gekweekte hartspierweefsel 'n lewe red.

So is daar ook ander etiese vraagstukke soos aborsie (om 'n swangerskap te beeëndig) en genadedood (om lewensondersteuning van 'n terminale pasient te beeëndig).

In enige situasie dink gelowiges altyd met die kennis en waarheid wat ons in God se Woord ontdek. Dit is ook hoe ons oor lewe dink en met lewe werk. Dit word ons perspektief op die lewe, en dit is met hierdie perspektief waarmee ons glo ons soos ligdraers in die wêreld rondbeweeg. Ons word sout wat aan die smaaklose wêreld om ons iets van die geur van God se bedoeling laat smaak.

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- Die Bybel.
- Velle papier vir die groepaktiwiteit.

## KOM ONS BEGIN

Begin die byeenkoms met 'n gebed, of vra een van die kinders om 'n gebed te doen soos vooraf met hom of haar gereël.

## HET HULLE ONTHOU?

- Laat enkele kinders die memoriseerteks van verlede week opsê.
- Laat die kinders nou uit hulle boeke die navorsing deel wat hulle by die vorige les se **BY DIE HUIS** gaan doen het.

## VANDAG LEER ONS

- Deel die klas in groepe van 2 en laat elke groep die volgende teksgedeeltes lees en die vrae in die tabel beantwoord. (Die tabel is ook in die kinders se boek gedruk.)
- Laat die kleingroepe in die groot groep saamkom, en bespreek hulle antwoorde aan die hand van die antwoorde hieronder.

<b>Teksgedeelte</b>	<b>Wat leer hierdie teksgedeelte ons oor lewe?</b>
Genesis 2: 4-25	<ul style="list-style-type: none"><li>• <i>Die Here het lewe geskep en asem aan die mens gegee.</i></li><li>• <i>Die Here het ook alles geskep sodat hierdie lewe in stand gehou kan word.</i></li><li>• <i>Die Here het vir die mens 'n lewensmaat gemaak om saam met hom in die lewe te deel.</i></li></ul>
Eksodus 20: 1-17	<ul style="list-style-type: none"><li>• <i>Die Here gee vryheid sodat sy kinders nie slawe moet wees nie.</i></li><li>• <i>'n Mens mag nie 'n lewe neem nie.</i></li></ul>
Psalms 8: 1-10	<ul style="list-style-type: none"><li>• <i>Die Here het nie net alles gemaak nie, Hy sien ook om na die lewe van die mens.</i></li><li>• <i>Die Here het die mens aangestel om oor alle ander lewe te heers.</i></li></ul>
Psalms 116: 1-19	<ul style="list-style-type: none"><li>• <i>Die Here beskerm lewe, Hy ag die dood van sy dienaars baie hoog, dis nie vir Hom 'n geringe saak nie.</i></li></ul>
Johannes 11: 33-44	<ul style="list-style-type: none"><li>• <i>Jesus het soms aan mense hulle lewe teruggegee sodat Hy daarmee vir ander mense kon wys dat lewe van God af kom en dat Hy ware lewe bring – Jesus Christus gee lewe.</i></li></ul>
Romeine 5: 1-11	<ul style="list-style-type: none"><li>• <i>Jesus Christus se dood en opstanding het aan God se kinders die ewige lewe kom gee. Daarmee het God die dood oopgebreek om niks meer te wees nie as 'n pad na die lewe by God in heerlijkheid.</i></li></ul>

## IETS INTERESSANT

Bespreek nou die inhoud van **MEER INLIGTING**.

## IETS BELANGRIK

Skerp die volgende feite in:

- Lewe kom uit God se hand.
- Ons moet uit dankbaarheid sy bedoeling met lewe respekteer.
- Ons moet ons beywer om lewe ten alle koste te behou.
- Omstandighede vra dikwels dat ons moeilike besluite moet maak oor lewe.
- In dié geval vra ons altyd eerste wat die Woord van God daarvoor sê.
- Kloning is verkeerd as ons maar net nog mense na willekeur wil maak.
- Net God skep mense soos Hy wil, en elkeen is uniek soos Hy bepaal.
- As ons kloning kan gebruik om vir 'n hartlyer gesonde hartspierweefsel te kweek, red ons 'n lewe.
- Ongekontroleerde aborsie en aktiewe genadedood is teen God se wil.
- As aborsie die ma se lewe kan red, is dit toelaatbaar.
- Passiewe genadedood deur 'n masjien af te skakel, is toelaatbaar.

## IETS OM TE DOEN

- Deel die klas in groepe van 5, en deel aan elke groep 'n bladsy uit vir hierdie aktiwiteit.
- Laat die groepe boaan die papier die volgende sin skryf: **BEHOU LEWE TEN ALLE KOSTE.**
- Gee die volgende opdrag aan al die klein groepe, en laat hulle toe om vir 'n tyd daarvoor te redeneer en hulle antwoorde neer te skryf.

Veronderstel julle is 'n paneel van gelowiges wat ingeroep word om raad te gee in die volgende situasies:

1. *'n 17-jarige meisie kom na julle met haar probleem. Sy het verlede week uitgevind dat sy al twee maande swanger is, en dit is vir haar 'n groot skok. Sy is te bang om vir haar ouers te vertel, en sy oorweeg om geld by haar vriendin se ma te leen en 'n afspraak te maak vir 'n aborsie, want sy wil nie die kind hê nie. **Wat sal julle Christelike raad aan haar wees, en hoekom?***
  2. *'n Man en vrou het pas uitgevind dat daar 'n groot fout is met hulle ongebore babatjie noudat die vrou 14 weke swanger is. Die dokters het gesien dat die babatjie glad nie sal kan lewe sonder die naelstring wat aan die mamma vas is nie. Die babatjie het ook nie 'n volledige brein of rugstring nie. Die dokters het ook gesien dat die mamma sal sterf as die babatjie normaal gebore word, omdat sy te veel bloed sal verloor. Die dokters het aanbeveel dat hulle die swangerskap so gou moontlik beeindig. **Wat sal julle Christelike raad aan hulle wees, en hoekom?***
- Laat die kleingroepe hulle antwoorde een vir een deel, en fasiliteer die gesprek dat dit vir die kinders 'n leerervaring is. Dit is normaal indien daar uiteenlopende standpunte gehoor gaan word.

## BY DIE HUIS

### DOEN

Laat hulle weer die tekste en antwoorde in die tabel wat hulle uit die Bybelgedeeltes neergeskryf het, gaan lees.

Laat hulle dan 'n gebed in hulle eie woorde skryf waarin hulle God dank en eer vir die lewe en die manier hoe Hy hulle leer om die lewe te waardeer. Hulle moet onthou dat hulle lewens die kosbaarste geskenk is wat hulle van God gekry het. Laat hulle volgende week hulle gebede met die klas kom deel.

## **LEER**

Ons memoriseerteks vir hierdie week is Psalm 139: 13-14: *U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder. Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep.*

## **AFSLUITING**

Sluit af deur Gesang 260: 1 en 11 te lees as 'n gebed.

*Ek glo vas in God, die Vader,  
wat almagtig, wys en goed,  
aarde en hemel eens gemaak het,  
nog bestuur en trou behoed.  
Deur Hom leef, beweeg en is ek,  
Hy beskik, bestuur my lot;  
dít vertrou ek aan sy leiding  
as my Vader en my God.*

*Ewig, onbegryplik' Wese,  
U die Vader, Seun en Gees.  
Heer, leer my U ken al beter,  
u gehoorsaam kind te wees.  
Ons wil sing van al u liefde;  
in u waarheid wil ons juig.  
Amen! Blye evangelie!  
Amen, bly my hart getuig!*

## **Belangrike nota vir die kategeet:**

Volgende week se les gaan oor hedendaagse verskynsels soos eetversteurings en selfmutilasie. Die tieners word, afhangende van die sosiale omgewing, in hierdie fase alreeds in hulle portuurgroepe hiermee gekonfronteer.

Indien moontlik, probeer om met die plaaslike hospitaal of algemene praktisyn kontak te maak ten einde die besonderhede van 'n kenner in hierdie veld te bekom. Hierdie kenner kan dan vir die aanbidding in die klas genader word om uit sy of haar perspektief met die kinders te kom praat.

Indien dit nie moontlik is om 'n kundige persoon by die aanbidding van die les te betrek nie, moet die kategeet deeglik voorberei vir die lesaanbidding. Riglyne word by die les uiteengesit.